

Gous, S. C.

Article

Keuse van 'n vooruitskattingstegniek

South African Journal of Business Management

Provided in Cooperation with:

University of Stellenbosch Business School (USB), Bellville, South Africa

Suggested Citation: Gous, S. C. (1984) : Keuse van 'n vooruitskattingstegniek, South African Journal of Business Management, ISSN 2078-5976, African Online Scientific Information Systems (AOSIS), Cape Town, Vol. 15, Iss. 2, pp. 128-133,
<https://doi.org/10.4102/sajbm.v15i2.1116>

This Version is available at:

<https://hdl.handle.net/10419/217861>

Standard-Nutzungsbedingungen:

Die Dokumente auf EconStor dürfen zu eigenen wissenschaftlichen Zwecken und zum Privatgebrauch gespeichert und kopiert werden.

Sie dürfen die Dokumente nicht für öffentliche oder kommerzielle Zwecke vervielfältigen, öffentlich ausstellen, öffentlich zugänglich machen, vertreiben oder anderweitig nutzen.

Sofern die Verfasser die Dokumente unter Open-Content-Lizenzen (insbesondere CC-Lizenzen) zur Verfügung gestellt haben sollten, gelten abweichend von diesen Nutzungsbedingungen die in der dort genannten Lizenz gewährten Nutzungsrechte.

Terms of use:

Documents in EconStor may be saved and copied for your personal and scholarly purposes.

You are not to copy documents for public or commercial purposes, to exhibit the documents publicly, to make them publicly available on the internet, or to distribute or otherwise use the documents in public.

If the documents have been made available under an Open Content Licence (especially Creative Commons Licences), you may exercise further usage rights as specified in the indicated licence.



<https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>

Keuse van 'n vooruitskattingstegniek

S.C. Gous

Departement Bedryfsekonomie, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg

Choice of a forecasting technique. Business forecasting has developed rapidly over the past few years as a result of the increasing complexity of the environment of the firm. Some researchers assert that businesses apparently experience three problems with reference to forecasting: a preference for the application of certain techniques is built up so that more suitable techniques are not utilized; not all relevant factors are taken into consideration in the choice of the most suitable technique; and managers often do forecasting themselves even though they possess little knowledge thereof. To handle the increasing variety and complexity of managerial forecasting problems, many forecasting techniques have been developed in recent years. Each has its special use, and care must be taken to select the correct technique for a particular application. The manager as well as the forecaster has a role to play in technique selection and the better the manager understands the range of forecasting possibilities, the more likely it is that a company's forecasting efforts will bear fruit.

S. Afr. J. Bus. Mgmt. 1984, 15:128 – 133

Ondernemingsvooruitskatting het gedurende die afgelope jare, as gevolg van die toenemende kompleksiteit in die ondernemingsomgewing, vinnig ontwikkel. Sommige navorsers beweer dat ondernemings veral drie probleme met betrekking tot vooruitskatting ondervind: 'n voorkeur vir die toepassing van bepaalde tegnieke word opgebou sodat meer toepaslike tegnieke nie benut word nie; alle relevante faktore word nie in ag geneem by die keuse van vooruitskattingstegnieke nie; en bestuurders doen dikwels self vooruitskatting alhoewel hulle oor weinig kennis daarvan beskik. Heelwat verskillende vooruitskattingstegnieke is gedurende die afgelope jare ontwikkel ten einde die toenemende kompleksiteit en verskeidenheid van vooruitskattingsvraagstukke die hoof te bied. Die bestuurder sowel as die vooruitskatter het 'n rol te speel in die keuse van 'n vooruitskattingstegniek en hoe beter die bestuurder die moontlikhede van vooruitskatting besef, hoe groter is die waarskynlikheid dat die onderneming se vooruitskattingspogings die nodige resultate sal oplewer.

S.-Afr. Tydskr. Bedryfsl. 1984, 15:128 – 133

Inleiding

Ondernemingsvooruitskatting het gedurende die afgelope dekade of twee, veral as gevolg van die toenemende kompleksiteit in die ondernemingsomgewing vinnig ontwikkel. Dit geld vir sowel die teoretiese aspekte van vooruitskatting as die praktiese toepassing daarvan. (Wheelwright & Makridakis, 1977:ix). Navorsers oor vooruitskatting beweer egter dat ondernemings in die afgelope jare veral drie probleme met betrekking tot vooruitskatting ondervind het, naamlik:

- 'n voorkeur word vir bepaalde tegnieke opgebou en ander word dan oor die hoof gesien;
- alle relevante faktore word nie in ag geneem by die keuse van 'n gesikte vooruitskattingstegniek nie; en
- bestuurders moet dikwels self vooruitskatting doen alhoewel hulle slegs oor 'n beperkte kennis van vooruitskatting beskik. (Wheelwright & Makridakis, 1978:2 – 3).

Twee van genoemde probleme wentel spesifiek om die keuse van 'n gesikte vooruitskattingstegniek.

Die keuse van 'n gesikte vooruitskattingstegniek word deur sommige bestuurders beskou as sou dit slegs die verantwoordelikheid van die vooruitskattingsspesialis (hierin die vooruitskatter genoem) in die onderneming wees en dat hy, as bestuurder, geen rol daarin te speel het nie. In hierdie artikel word gepoog om:

- te beklemtoon dat die keuse van 'n gesikte vooruitskattingstegniek 'n gesamentlike poging van die vooruitskatter en die bestuurder verg, en
- 'n kort beskrywing te gee van die faktore wat by die keuse van 'n vooruitskattingstegniek ter sprake is.

Wie is verantwoordelik vir die keuse van 'n vooruitskattingstegniek?

Elke bestuurder in die onderneming is, afgesien van die vlak waarop hy hom in die onderneming bevind of die afdeling waar hy werkzaam is, 'n besluitnemer. Daarbenewens, vereis elke besluit wat geneem word, 'n vooruitskatting van die een of ander aard. Vooruitskatting word derhalwe as een van die take van 'n bestuurder beskou. Aangesien vooruitskatting so 'n omvattende en gekompliseerde aktiwiteit geword het, is dit sinvol dat die doen daarvan aan spesialiste (vooruitskatters) opgedra word. Dit beteken egter nie dat die individuele bestuurder dan van vooruitskatting losgemaak is nie.

Die behoefté aan bepaalde vooruitskattings, die sogenaamde vooruitskattingprobleem, ontstaan by die individuele bestuurders as besluitnemers. Indien die vooruitskatting maklik hanteerbaar is en/of die onderneming nie oor personeellede

S.C. Gous

Departement Bedryfsekonomie, Randse Afrikaanse Universiteit,
Posbus 524, Johannesburg 2000, Republiek van Suid-Afrika

Aanvaar Maart 1984

met spesifieke vooruitskattingskundighede beskik nie, moet elke bestuurder met die oog op besluite wat hy moet neem, self die nodige inligting insamel, 'n tegniek kies, 'n vooruitskatting doen, dit toets en aanwend as inset in die besluitnemingsproses. Laastens moet hy mettertyd die werklike waardes (prestasie) met die vooruitskatting vergelyk ten einde die effektiwiteit van toekomstige vooruitskatting te verhoog.

In gevalle waar vooruitskatting kompleks is en die onderneming oor vooruitskatters met spesifieke vooruitskattingskundighede beskik, moet die vooruitskatter die bepaalde vooruitskattings doen maar word die bestuurder nie van sy deelname onthef nie. Hy moet in so 'n geval deurgaans met die vooruitskatter saamwerk ten einde die beste vooruitskatting te verkry.

Die bestuurder moet die vooruitskatter in die eerste plaas voorsien van alle relevante inligting waaroor hy beskik sodat laasgenoemde 'n effektiewe vooruitskatting kan doen. Chambers en ander skrywers (1971:46) beweer dat wanneer bestuurders 'n vooruitskatter vra om 'n bepaalde projeksie te maak, hulle dikwels aanvaar dat die versoek op sigself — 'n kort beskrywing van die vooruitskattingsprobleem — genoegsame inligting vir die vooruitskatter verskaf om 'n effektiewe vooruitskatting te doen. Hierdie aanname is egter feitlik deurgaans foutief (Chamber, *et al.*, 1971:46).

Die vraag ontstaan vervolgens watter inligting die bestuurder aan die vooruitskatter moet verskaf. Voorbeeld van inligting waaroor die bestuurder normaalweg beskik en wat hy aan die vooruitskatter moet oordra, word hieronder aangetoon:

- Die doel met die vooruitskatting met inbegrip van die tydstip waarop die vooruitskatting benodig word, die termyn waarvoor die vooruitskatting gedoen moet word en die akkuraatheid wat vereis word.
- Die elemente van die veranderlike, byvoorbeeld dat wins (indien dit vooruitgeskat moet word) uit die elemente opbrengs en koste bestaan.
- Die faktore wat die veranderlike en/of komponente daarvan beïnvloed of daarmee korreleer, byvoorbeeld dat die bruto binnelandse produk met verkope van die produk korreleer.

Vir die vooruitskatter is die doel waarvoor die bestuurder die vooruitskatting nodig het, besonder belangrik. Chambers en ander skrywers stel dit dat die belangrikste bydrae van die bestuurder tot die vooruitskattingsproses, uit die oogpunt van die vooruitskatter, die verskaffing van inligting is oor hoe die vooruitskatting in die besluitneming gebruik gaan word en die beraamde vlak van akkuraatheid wat nodig is vir die neem van die besluit (Chambers, *et al.*, 1974:25).

Vervolgens moet die bestuurder die vooruitskatter bystaan in die keuse van die vooruitskattingstegniek en die maak van bepaalde aannames. Die tegniek wat gebruik en die aannames wat gemaak word, moet van so 'n aard wees dat die bestuurder dit begryp en daarmee saamstem. Die bestuurder moet nie sy besluit baseer op 'n vooruitskatting wat hy nie verstaan nie of wat aannames bevat wat hy weet wat onrealisties is nie.

Sodra die vooruitskatting deur die vooruitskatter voltooi en alle aannames omskryf is, word dit aan die bestuurder voorgelê wat die vooruitskattingsresultate evaluateer. Die korrektheid van die vooruitskatting is vir die bestuurder van groot belang want hy word verantwoordelik gehou vir die besluite wat hy op grond van die vooruitskatting moet neem. As die vooruitskatting verkeerd of onakkuraat is, kan dit tot verkeerde besluitneming lei, wat ernstige gevolge vir die onderneming kan inhou. Indien die bestuurder tevreden is met die vooruitskattings-

resultate, word die vooruitskatting as inset in die besluitnemingsproses gebruik.

Ten slotte moet die bestuurder:

- voortdurend aanpassings aan die vooruitskatting maak indien daar verandering binne of buite die onderneming intree; en
- tesame met die vooruitskatter, mettertyd die werklike resultate met die vooruitskatting vergelyk ten einde toekomstige vooruitskattingsfoutte te minimaliseer.

Uit die voorgaande bespreking is dit duidelik dat die bestuurder altyd 'n sentrale rol in die vooruitskattingsproses speel en, wat die keuse van 'n geskikte tegniek aanbetrif, of self die keuse maak of die vooruitskatter daarin moet bystaan.

Faktore wat by die keuse van 'n vooruitskattingstegniek ter sprake is

By die keuse van 'n vooruitskattingstegniek is die eerste vraag wat ontstaan uiteraard watter tegnieke beskikbaar is. 'n Groot verskeidenheid tegnieke is met verloop van tyd ontwikkel. Hierdie tegnieke kan in twee breë groepe ingedeel word, naamlik kwantitatiewe en kwalitatiewe vooruitskattingstegnieke.

Kwantitatiewe vooruitskattingstegnieke behels die gebruik van kwantitatiewe data — wat feitlik sonder uitsondering histories van aard is — ten einde vooruitskatting te doen. Waar kwantitatiewe historiese data egter nie beskikbaar of bruikbaar is nie, geskied vooruitskatting op grond van subjektiewe oordeel. Die tegnieke wat in laasgenoemde geval gebruik word, word kwantitatiewe vooruitskattingstegnieke genoem. In kwalitatiewe vooruitskattingstegnieke — dit word soms ook tegnologiese vooruitskattingstegnieke genoem — word daar dus hoofsaaklik van kwantitatiewe data wat soms die verlede in ag neem maar meestal nie, gebruik gemaak.

In die geval van kwantitatiewe vooruitskattingstegnieke kan daar 'n onderskeid gemaak word tussen tydreeks- en kousale (oorsaaklike) vooruitskattingstegnieke. Met tydreeksvooruitskattingstegnieke word bedoel kwantitatiewe vooruitskattingsstegnieke ten opsigte waarvan die data wat vir vooruitskatting gebruik word, 'n tydreeks is. Die begrip 'tydreeks' impliseer 'n versameling waardes van die een of ander veranderlike of groep veranderlikes, wat oor 'n tyd waargeneem is.

'n Tydreeks bestaan uit een of meer van die volgende komponente wat kortliks beskryf word:

- die langtermyntendens (L),
- die seisoenskommelings (S),
- konjunkteer- of sikliese skommelings (K),
- toevalige of onreëlmaterige skommelings (T).

Die langtermyntendens (L)

Die langtermyntendens is die reguit lyn of kromme wat die langtermynstyging of -dalings in die tydreeks aandui en alle skommelings uitskakel. 'n Tendenspatroon bestaan dus in die data as daar 'n algemene styging of dalingsvoorkom. As daar geen sprake van 'n algemene styging of dalings in die data is nie, word daar gepraat van 'n horizontale patroon in die data. Dit impliseer dat daar geen tendens in die data bestaan nie.

Seisoenskommelings (S)

Seisoenskommelings is die resultaat van 'n reeks faktore wat hulle invloed jaarliks op bepaalde tydstippe laat geld en meebring dat die tydreeks betreklik reëlmaterige fluktuasies (volgens seisoene) toon. 'n Seisoen kan 'n maand, week of dag lank duur of dit kan na die vier seisoene van die jaar verwys. As daar sodanige seisoenskommelings voorkom, word daar na

'n seisoenspatroon in die data verwys.

Konjunktuur- of sikliese skommelings (K)

'n Konjunktuur- of sikliese patroon in die data is die gevolg van faktore wat saketoestande oor 'n tydperk van 'n jaar of meer beïnvloed. Sodanige skommelings is nie altyd ewe intens nie en die tydsduur daarvan wissel van ongeveer een tot 10 jaar.

Toevallige of onreëlmaterige skommelings (T)

Toevallige of onreëlmaterige skommelings kom voor vanweë toevallige gebeure soos droogtes. Dit bring 'n styging of daling mee, wat normaalweg heelwat korter as een jaar duur.

Klousale of oorsaaklike vooruitskattingstegnieke is tegnieke wat gebruik word indien historiese data beskikbaar is en die verband tussen die faktor, ten opsigte waarvan vooruitgeskat word, en 'n ander faktor(e) (let wel, nie tyd nie) bekend is of bepaal kan word. In Tabel 1 word 'n aantal bekende kwantitatiewe en kwalitatiewe tegnieke gelys.

By die keuse tussen die verskillende beskikbare tegnieke is die eerste besluit derhalwe of van 'n kwantitatiewe of kwalitatiewe tegniek gebruik gemaak moet word. Die riglyn in hierdie verband is dat kwantitatiewe tegnieke gebruik behoort te word as kwantitatiewe historiese data beskikbaar is en kwalitatiewe tegnieke slegs wanneer kwantitatiewe historiese data nie beskikbaar of bruikbaar is nie. Vervolgens moet 'n spesifieke kwantitatiewe of kwalitatiewe tegniek gekies word ten einde die vooruitschatting te doen. Hierdie keuse moet gedoen word met inagneming van die aard van die besluitnemingsituasie vergeleke met die aard of vermoë van die bestaande tegnieke. Die opweging geskied met inagneming van veral vyf faktore wat vervolgens kortlik bespreek word, te wete:

- aard en beskikbaarheid van data;
- akkuraatheid;
- koste;
- termyn; en
- toepassing.

In Tabel 2 word 'n aantal bekende kwantitatiewe tegnieke na aanleiding van bogenoemde vyf faktore vergelyk.

Aard en beskikbaarheid van data

Met die aard en die beskikbaarheid van die data word bedoel

die hoeveelheid kwantitatiewe en kwalitatiewe data wat beskikbaar is sowel as die datapatroon (horisontale, seisoens-, konjunktuur- en tendenspatroon) wat die beskikbare data vorm. Sommige tegnieke vereis baie data terwyl ander met relatief min historiese data kan klaarkom. Die klassieke tegniek van tydreeksontbinding benodig byvoorbeeld 'n minimum van drie jaar se data op 'n maandbasis maar behoort eintlik ongeveer 10 jaar se data te hê om die gestelde akkuraatheidsvlak (vergelyk Tabel 1) te bereik. So ook is bepaalde vooruitskattingstegnieke effektiel slegs as daar 'n horisontale patroon in die data bestaan, terwyl ander 'n komplekse datapatroon (byvoorbeeld waar daar 'n tendens-, seisoens- en konjunktuurpatroon teenwoordig is) kan hanteer. Uit Tabel 2 blyk byvoorbeeld dat aanpassingsfiltrering, die klassieke tegniek van tydreeksontbinding, Census II en Foran II 'n komplekse datapatroon kan hanteer terwyl vooruitschatting met behulp van 'n bewegende gemiddelde net 'n horisontale datapatroon kan hanteer.

Akkuraatheid

In die besluitnemingsituasie word verskillende grade van akkuraatheid met betrekking tot vooruitschatting vereis. Die graad van akkuraatheid wat verlang word, hang af van die aard van die besluit(e) wat geneem moet word. Indien belangrike besluite geneem moet word behoort die vooruitschatting akkuraat te wees. In sodanige gevalle behoort 'n vooruitschattingstegniek gekies te word wat akkurate vooruitskattings moontlik maak. Bepaalde vooruitschattingstegnieke is akkurateer as ander, dit wil sê, hulle het 'n kleiner vooruitskattingsfout as ander. Akkuraatheid omvat die akkuraatheid om die patroon in die data vooruit te skat sowel as die akkuraatheid om draaipunte vooruit te skat. Uit Tabel 2 blyk dat ekonomiese vooruitschatting baie akkuraat is wat vooruitschatting van die patroon aanbetrif, terwyl 'n tegniek soos Census II en Foran II 'n hoe akkuraatheid met betrekking tot die vooruitschatting van draaipunte bereik.

Koste

By die keuse van 'n vooruitschattingstegniek moet die beskikbaarheid van fondse opgeweeg word teen die koste wat aangegaan word wanneer 'n bepaalde tegniek toegepas word.

Tabel 1 'n Aantal bekende vooruitschattingstegnieke

| Tydreekstegnieke | Kwantitatiewe tegnieke | Kwalitatiewe tegnieke |
|---|---|---|
| | | |
| Vooruitschatting m.b.v. 'n rekeningkundige gemiddelde | Vooruitschatting m.b.v. eenvoudige regressie- en korrelasieanalise | Nie-tydgebonden tegnologiese vergelyking |
| Vooruitschatting m.b.v. 'n bewegende gemiddelde | Vooruitschatting m.b.v. meervoudige regressie- en korrelasieanalise | Die Delphi-tegniek |
| Vooruitschatting m.b.v. 'n geweegde gemiddelde | Ekonomiese vooruitschatting | Tegnieke van programwaardering en -hersiening |
| Eksponensiële gladstryking | Vooruitschatting m.b.v. inset-uitset-tabelle | Verbruikersvoorneme en klantverwagtings |
| Aanpassingsfiltrering | | Vooruitschatting deur verkoopspersoneel |
| Die klassieke tegniek van tydreeksontbinding | | Deskundige mening |
| Foran II | | Toetsbemarking |
| Census II | | PATTERN ('Planning Assistance through Technical Evaluation or Relevance Numbers') |
| Absoluteverandering- en koers-van-verandering tegniek | | |
| Box-Jenkinsmetode | | Kwalitatiewe tendensekstrapolasie |

Dit is noodsaaklik omdat die ontwikkelingskoste, opbergingskoste en lopende verskil van tegniek tot tegniek. Uit Tabel 2 blyk dit byvoorbeeld dat ekonometriese vooruitskatting en vooruitskatting met behulp van inset-uitset tabelle 'n baie hoë totale koste het. Daar moet uiteraard teen gewaak word om die koste verbonde aan die gebruik van 'n bepaalde tegniek in afsondering te sien. Die koste moet steeds in verhouding tot die koste wat voortvloeи uit onakkurate besluitneming, gesien word.

Termyn

By die keuse van 'n vooruitskattingstegniek moet die termyn waarvoor vooruitgeskat vergelyk word met die termyne waarvoor bepaalde tegnieke akkuraat kan vooruitskat. So byvoorbeeld kan ekonometriese vooruitskatting gebruik word as oor die kort, medium- en lang termyn vooruitgeskat moet word, terwyl vooruitskatting met behulp van 'n bewegende gemiddelde net by die onmiddellike en kort termyn bruikbaar is.

Toepassing

Wat toepassing aanbetrif is daar twee faktore wat bepalend is by die keuse van 'n gesikte tegniek, naamlik die tyd nodig versus die tyd beskikbaar om die vooruitskatting te doen en die gemak om die tegniek te verstaan en die resultate te interpreteer, versus die vermoëns in die onderneming. Die toepas-

sing van sommige tegnieke neem baie meer tyd in beslag as dié van ander en sommige tegnieke is besonder ingewikkeld en moeilik en ander heel eenvoudig om toe te pas. In geheel gesien is vooruitskatting met behulp van meervoudige regressie- en korrelasieanalise byvoorbeeld een van die moeilikste tegnieke om toe te pas (Vergelyk Tabel 2).

Ondersoek by die groot vervaardigingsondernemings in die RSA

In 'n ondersoek wat in 1978 in die Republiek van Suid-Afrika uitgevoer is, is gevind dat die groot vervaardigingsondernemings besondere probleme met die keuse van die mees toepaslike vooruitskattingstegnieke ondervind het (Gous, 1978).

- Hoewel 77% van die ondernemings aangetoon het dat hulle die beginsel om sover moontlik van kwantitatiewe tegnieke gebruik te maak, aanvaar, is daar ongeveer net soveel tyd aan vooruitskatting met behulp van kwalitatiewe tegnieke as aan dié met behulp van kwantitatiewe tegnieke bestee. Dit blyk uit die feit dat 36% van die ondernemings aangetoon het dat hulle meer tyd aan die gebruik van kwantitatiewe as aan kwalitatiewe tegnieke bestee, 31% meer tyd aan kwalitatiewe as aan kwantitatiewe tegnieke bestee en 33% net soveel tyd aan kwantitatiewe as aan kwalitatiewe tegnieke bestee.

Tabel 2 Vergelyking van 'n aantal kwantitatiewe vooruitskattingstegnieke na aanleiding van vyf faktore^a

| Faktore | | Tydreeksmetodes | | | | | | | | | | Kousale metodes | | | |
|--|---|------------------------------------|----------------------|---------------------------------------|-----------------------|----------------------|-------------------------------|-----------|----------|------------------------------------|-------------------------------------|-------------------------------|----------------------|---|---|
| | | Eenvoudige rekenkundige gemiddelde | Bewegende gemiddelde | Eenvoudige eksponensiële gladstryking | Tendens-ekstrapolasie | Aanpassingsfiltering | Tydreks-onbinding (klassieke) | Census II | Foran II | Eenvoudige regressie en korrelasie | Meervoudige regressie en korrelasie | Ekonometriese vooruitskatting | Inset-uitset tabelle | | |
| Datapatroon | Horisontaal | x | x | x | | x | x | x | x | | | | x | | |
| | Tendens | | | | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| | Seisoens | | | | | x | x | x | x | | | | | | |
| | Konjunktuur | | | | | x | x | x | x | | | | | | |
| Termyn | Onmiddellike termyn (minder as 1 maand) | x | x | x | | x | x | x | x | x | | | | | |
| | Kort termyn (1 tot 3 maande) | x | x | x | | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| | Mediumtermyn (3 maande tot 2 jaar) | | | | x | x | | | | | x | x | x | | |
| | Lang termyn (2 jaar en langer) | | | | x | | | | | | x | x | x | x | x |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| Koste (Skaal van 0 tot 10, 0 laagste en 10 hoogste) | Ontwikkelingskoste | 1,0 | 1,0 | 0,5 | 3,0 | 4,0 | 4,0 | 6,0 | 5,0 | 3,0 | 6,0 | 8,0 | 10,0 | | |
| | Opbergingskoste | 5,0 | 1,0 | 0,0 | 6,0 | 7,0 | 7,0 | 8,0 | 8,0 | 6,0 | 8,0 | 9,0 | 10,0 | | |
| | Lopende koste | 1,0 | 1,0 | 0,0 | 3,0 | 7,0 | 4,0 | 7,0 | 6,0 | 3,0 | 6,0 | 8,0 | 10,0 | | |
| Akkuraatheid (Skaal van 0 tot 10, 0 laagste en 10 hoogste) | Vooruitskatting van patroon | 1,5 | 2,0 | 3,5 | 5,0 | 7,0 | 5,0 | 7,0 | 7,0 | 5,0 | 8,0 | 10,0 | 6,0 | | |
| | Vooruitskatting van draaipunte | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 6,0 | 3,0 | 8,0 | 7,0 | 0,0 | 4,0 | 6,0 | 0,0 | | |
| Toepassing (Skaal van 0 tot 10, 0 laagste en 10 hoogste) | Tyd nodig om vooruitskatting te doen | 2,0 | 1,0 | 0,5 | 2,5 | 4,0 | 3,0 | 5,0 | 5,0 | 2,5 | 6,0 | 9,0 | 10,0 | | |
| | Gemak om die tegniek te verstaan en die resultate te interpreteer | 10,0 | 10,0 | 8,0 | 9,0 | 7,0 | 9,0 | 7,0 | 8,0 | 9,0 | 7,0 | 3,0 | 3,0 | | |

^aBron: Wheelwright, S.C. & Makridakis, S. 1977. Forecasting Methods for Management, 2de uitgawe, John Wiley & Sons, 206 – 207.

(b) Faktore wat by die keuse van 'n vooruitskattingstegnieke in gedagte gehou moet word, is soms oor die hoof gesien. Selfs die faktor wat byvoorbeeld deur die meeste van die ondernemings in gedagte gehou is, naamlik die aard en die beskikbaarheid van data, is deur slegs 76% van die ondernemings in ag geneem.

(c) Gesofistikeerde vooruitskattingstegnieke is deur relatief min van die vervaardigingsondernemings in Suid-Afrika gebruik, soos uit Tabelle 3 en 4 blyk.

Uit Tabel 3 blyk dat gesofistikeerde kwantitatiewe vooruitskattingstegnieke soos aanpassingsfiltrering, die klassieke tegniek van tydsreeksontbinding, Foran II, Census II en ekonomiese vooruitskatting, deur slegs 10% en minder van die ondernemings gebruik is.

Uit Tabel 4 blyk dat gesofistikeerde kwalitatiewe vooruitskattingstegnieke ook min benut is. Tegnieke soos die Delphi-tegniek, PERT en PATTERN, is onderskeidelik deur slegs 2, 6 en 1% van die groot vervaardigingsondernemings in Suid-Afrika gebruik. As belangrikste rede vir die swak benutting van gesofistikeerde kwantitatiewe en kwalitatiewe vooruitskattingstegnieke is aangevoer dat die meeste bestuurders/voorskatters in die groot vervaardigingsondernemings in Suid-Afrika nie voldoende kennis van hierdie tegnieke het nie. 'n Voorkeur is derhalwe opgebou vir die enkele tegnieke wat hulle ken.

Slotopmerkings

Alhoewel met 'n redelike mate van sekerheid beweer kan word dat die praktyk van vooruitskatting sedert 1978 in Suid-Afrika meer gesofistikeerd geraak het, bly dit vir bestuurders besonder belangrik om die volgende beginsels met betrekking tot die keuse van 'n gesikte vooruitskattingstegniek in ag te neem, naamlik:

(a) Aangesien dit blyk dat kwantitatiewe vooruitskattingsteg-

Tabel 3 Kwantitatiewe vooruitskattingstegnieke wat deur die groot vervaardigingsondernemings in Suid-Afrika vir vooruitskatting gebruik is (1978)

| Tegniek | Getal ondernemings | Persentasie van ondernemings |
|---|--------------------|------------------------------|
| Vooruitskatting m.b.v. 'n een-voudige rekenkundige gemiddelde | 197 | 48 |
| Persentasieveranderings-metode | 224 | 55 |
| Vooruitskatting m.b.v. 'n geweegde gemiddelde | 129 | 32 |
| Vooruitskatting m.b.v. 'n bewegende gemiddelde | 198 | 48 |
| Eksponensiale gladstryking | 60 | 15 |
| Aanpassingsfiltrering | 8 | 2 |
| Tendensektrapolasie | 115 | 28 |
| Klassieke tegniek van tydsreeksontbinding | 22 | 5 |
| Census II | 2 | 0 |
| Foran II | 2 | 0 |
| Box-Jenkinsmetode | 7 | 2 |
| Ekonomiese vooruitskatting | 41 | 10 |
| Regressie en korrelasie | 67 | 16 |
| Inset-uitsettabelle | 18 | 4 |

Tabel 4 Kwalitatiewe tegnieke wat deur die groot vervaardigingsondernemings in Suid-Afrika vir vooruitskatting gebruik is (1978)

| Tegniek | Getal ondernemings | Persentasie van ondernemings |
|---|--------------------|------------------------------|
| Delphi-tegniek | 10 | 2 |
| Passing van krommes | 42 | 10 |
| Nie-tydgebонde tegnologiese vergelykings | 6 | 1 |
| Morfologiese navorsings-metode | - | 0 |
| PATTERN ('Planning Assistance through Technical Evaluation or Relevance Numbers') | 3 | 1 |
| Deskundige mening | 229 | 56 |
| Verbruikersvoorneme en klant-verwagting | 231 | 56 |
| Vooruitskatting deur verkoopspersoneel | 193 | 47 |
| PERT ('Programme Evaluation and Review Technique') | 24 | 6 |

nieke meer objektief as kwalitatiewe vooruitskattingstegnieke is, behoort ondernemings in die eerste plek van kwantitatiewe tegnieke gebruik te maak vir sover dit toegepas kan word. Kwalitatiewe tegnieke behoort gebruik te word slegs indien kwantitatiewe tegnieke nie toepaslik is nie.

- (b) Aangesien geen bepaalde vooruitskattingstegniek of groep tegnieke altyd die beste is om toe te pas nie, moet ondernemings die aard van die besluitnemingsituasie met dié van die beskikbare kwantitatiewe en kwalitatiewe tegnieke vergelyk ten einde die beste tegniek vir die besondere situasie te kies. Die volgende faktore moet by die keuse in gedagte gehou word: die aard en die beskikbaarheid van historiese data; die mate van akkuraatheid wat vereis word; die koste teenoor die akkuraatheid wat vereis word; die termyn waarvoor vooruitgeskat word; en die tyd en vermoëns wat die toepassing van 'n bepaalde tegniek vereis.
- (c) Bestuurders en voorisksatters moet hulle vergewis van die bestaande tegnieke sodat hulle objektief kan wees in die keuse van 'n vooruitskattingstegniek en hulle moet nie 'n bepaalde voorkeur vir sekere tegnieke opbou omdat hulle die ander nie kan toepas nie. Bestaande tegnieke kan ook aangepas word by die onderneming se spesifieke omstandighede. Spesifieke aandag behoort gegee te word aan sowel gesofistikeerde kwantitatiewe vooruitskattingstegnieke soos aanpassingsfiltrering, die klassieke tegniek van tydsreeksontbinding, Foran II, Census II en ekonomiese vooruitskatting, as kwalitatiewe tegnieke soos die Delphi-tegniek, PERT en PATTERN.

Summary

Since decisions are made on the basis of expected or predicted results, it is important that the manager is able to do or to assist the forecaster in doing forecasts. During recent years a number of techniques have been developed to aid in forecasting. These techniques can be separated into two broad classes, namely quantitative and qualitative techniques. This classification generally reflects the extent to which a forecast can be

based directly on historical data. There are two basic types of quantitative techniques, namely time series techniques and causal models.

Both the manager (decision maker) and the forecaster have roles to play in the selection of a forecasting technique that is most appropriate for the specific situation. A consideration of the characteristics of the decision-making situation versus the characteristics of the available techniques is the starting period for selecting a forecasting technique. The basis on which the techniques and the situation are reconciled should be one of value versus cost. The five major characteristics that must be considered are:

- the nature and availability of data,
- the degree of accuracy desirable,
- the time period to be forecasted,
- the cost versus the benefit of the forecast,
- the skill and knowledge required by the technique and the time available for doing the forecast.

Qualitative forecasting techniques must only be used when

it is not possible to make use of quantitative techniques, that is primarily when historical data are scarce. Managers and forecasters must take care not to build up a preference for the application of certain techniques so that more suitable techniques are not utilized. They must therefore have a basic knowledge of all available forecasting techniques. All relevant factors must also be taken into consideration in the choice of the most suitable technique.

Verwysings

- Chambers, J.C. et al.: 1971. How to choose the right forecasting technique, *Harv. Bus. Rev.* vol. 49:46. Julie – Augustus.
- Chambers, J.C. et al. 1974. *An executive's guide to forecasting*, New York: John Wiley & Sons, 25.
- Gous, S.C., 1978. Ondernemingsvoorskating in die groot vervaardigingsondernemings in die Republiek van Suid-Afrika, Ongepubliseerde D.Com.-proefskrif, Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Wheelwright, S.C. & Makridakis, S. 1977. *Forecasting methods for management*, 2de Uitgawe, New York: John Wiley & Sons, ix.
- Wheelwright, S.C. & Makridakis, S. 1978. *Interactive forecasting*, 2de Uitgawe, San Francisco: Holden-Day, Inc., 2 – 3.